kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: Rituele, geloofsvorming en geloofsverandering

Skriflesing: Eksodus 12:1-14

Broodjies vir die pad

In *Being and Time*, Heidegger insists that while assertions can be made and passed on from person to person and generation to generation, fixed interpretation cannot. He writes: "That which is put forward as assertion is something that can be passed along for 'further re-telling' which "...may become veiled again in the further re-telling.. and does not 'give assent' to some 'valid meaning' which has been passed along." (pp 197-198, 155)

Maurice Merleau-Ponty's work (which influenced Levinas and Derrida especially) returns repeatedly to the theme that thinking is always embodied in a specific person with a unique personal and social history in community with others. Each person arrives at contingent truth that is truthful for her or him in her or his finite status. Each person is unique but not alone. The other person, the community and human expression of speech bring unique persons into proximity to each other. Speech "incarnates," "uses" words to convey meaning as he or she understands it. When the other reciprocates, there is new meaning. Speech and action declare who we are at a certain time and circumstance but the speech and actions of others change the individual, too.

A religious community asserts the glory of God and the hope to which the glory of God gives to all. But the interpretation of these profound assertions in word and action vary by each unique person who is always being changed by the community of believers and who contributes to the community in her or his unique way.

American theologian Kathryn Tanner contributes timely insights when she writes: "Uniformity of belief in general is overrated as a requirement for social stability, according to postmodern culture." "Far from threatening the stability of the Christian way of life, the fact that Christians do not agree on interpretation of matters of common concern is the very thing that enables social solidarity among them." The church should encourage itself to have "a genuine community of argument, one marked by mutualcommitment to mutual correction and uplift, in keeping with the shared hope of good discipleship, proper faithfulness, and purity of witness. This is the sort of mutual admonition and concern that one finds in the letters of Paul." (Theories of Culture, pp 120-128)

Personal witness contributes to and is changed by community/communication. The community is changed by the witness of the individual. All suffer when it does not flourish. Not "toleration," not "diversity," but honest expression of personal conviction treated as necessary for the actual life of the whole community is what is called for. This is a high expectation. It does not give in to our "lower instincts." It values and holds accountable the individual and community equally. It is peculiarly biblical.

A Manifesto for Progressive Christians

“Imagine that Christianity is about loving God. Imagine that it’s not about the self and its concerns, about ‘what’s in it for me,’ whether that be a blessed afterlife or prosperity in this life. Imagine that loving God is about being attentive to the one in whom we live and move and have our being. Imagine that it is about becoming more and more deeply centered in God. Imagine that it is about loving what God loves. How would that change our lives?” — from *Convictions: How I Learned What Matters Most*

Marcus J. Borg, preeminent theologian and Bible scholar, reflects on his life and how he developed his most bedrock convictions and why they matter. The result is a manifesto for all progressive Christians who seek the best path for following Jesus today. With each chapter embodying a distinct conviction, Borg writes provocatively and compellingly on the beliefs that can deeply ground us and guide us:

- God Is Real and a Mystery
- Salvation Is More About This Life Than an Afterlife
- The Bible Can Be True Without Being Literally True
- Jesus’s Death on the Cross Matters—But Not Because He Paid for Our Sins
- God Is Passionate About Justice and the Poor
- To Love God Is to Love Like God

Rich in wisdom and insight, Convictions is sure to become a classic of contemporary Christianity.

http://www.marcusjborg.com/my-books/my-new-novel

Brood vir die pad

Om pyn te oorwin

Ons is almal beskadigde mense en ’n nuwe nasionale gesprek is nodig om oor ons pyn te praat. Ons het nodig om te leer om na mekaar te luister, skryf Michael Lapsley.

Wie kan ooit vergeet hoe dit op 27 April 1994 gevoel het toe ons ons eie regering kon kies? Toe ons as Suid-Afrikaners vir die eerste keer werklik saam iets kon doen?

Ek onthou ek het destyds geskryf dit voel asof die mense van hierdie land deur ’n warm donskombers toegevou is.

Onthou jy hoe ons, by die inhuldiging van Nelson Mandela as president, instinktief gekoes het toe die stralers

oor ons gevlieg het – voordat ons onthou het dat hierdie "ons" vliegtuie is?

'n Paar dae lank is aan ons 'n vlugtige blik gebied van 'n land wat vrede het – verenig soos nog nooit tevore nie. Daar was dalk iets naïefs omtrent ons euforie. Ons het geglo dat ons demokrasie dít sou oplewer wat deur Christene die Koninkryk van God op aarde genoem word.

Ons het sedertdien nog 'n paar glimpe daarvan gehad: toe Wêreldbeker-koors ons beetgekry het; toe ons geliefde Madiba uiteindelik fisiek van ons vertrek het. Ons was een nasie – almal weeskinders.

Nou vier ons 20 jaar van demokrasie. Ons stem almal saam ons het vrye en regverdige verkiesings gehad. Die regering vier die talle welslae wat sedert 1994 behaal is. Dit sluit in die beskikbaarheid van water vir en kragtoevoer na miljoene mense en ons besonderse Grondwet.

Maar gaan dit goed met die siel van ons nasie? Is ons diepste wonde genees?

Toe ek in 1992 ná 16 jaar in ballingskap teruggekeer het, het dit my opgeval hoe beskadig ons in ons mensheid is. Steeds sien ons op elke bladsy van elke koerant die bewys van morele en geestelike beserings: ongegronde geweld, verkragting, die moord op vroue en kinders, en korrupsie wat deur hebsug aangevuur word.

Hoekom is ons so kwaad?

Daar is baie redes, waaronder die onvervulde drome en ontnugtering. Ons is die ongelykste samelewing op aarde.

Tog is lande wat veel armer as ons is nie op dieselfde manier gewelddadig nie.

Agter ons woede lê ons gebrokenheid en pyn.

Daar was onlangs 'n dialoog aan die Universiteit van Kaapstad, waarvan mama Graça Machel die voorsitter was. Sy het gepraat van 'n reis wat ons nog moet onderneem in verband met sowel ras as geslag – nie net hier nie, maar wêreldwyd.

Nêrens op die planeet is daar volledige gelykheid nie.

Pres. Verónica Bachelet van Chili sê dat ook óns nie so goed vaar nie wanneer dit kom by die aanvaarding van diversiteit, met inbegrip van seksuele diversiteit.

Ek is lief vir ons Grondwet, maar wat van die werklikheid?

Hoofman Albert Luthuli het op 'n keer gesê diegene wat aan hulself as slagoffers dink, maak uiteindelik van andere slagoffers.

Wanneer gewapende politieke konflik tot 'n einde kom, word dit dikwels gevolg deur 'n vloedgolf van seksuele, huishoudelike en gesinsgeweld. Ons gebrokenheid word inderdaad al hoe sigbaarder.

Eeue lank was daar 'n groot aantal onverkwiklike wette wat ons verdruk het. Dit was nie maklik om 'n morele kompas te volg nie. Diegene wat boos is, is beloon en die goeies is gestraf.

Die Waarheid-en-versoeningskommissie (WVK) was die getuie van die morele en geestelike skade wat ons oorweldig het.

Dit is nie vreemd dat daar nou derduisende slagoffers landwyd is wat meen die WVK se taak is nie afgehandel nie; hulle wag steeds op erkenning en regstelling.

Dit is teleurstellend dat die meeste van ons wit susters en broers regdeur die WVK-proses in 'n staat van ontkenning was.

Enkele jare gelede het 'n leier van die Nederduitse Gereformeerde Kerk my ingelig oor die trauma wat in wit gesinne voorkom weens hul betrokkenheid by die weermag en die polisiemagte in die apartheidsjare. En dan praat ons nie eens van die moordbendes en professionele martelaars nie.

Wat kan gedoen word?

Die eerste stap is dat ons almal erken dat ons beskadigde mense is. Ek glo ons het 'n nuwe nasionale gesprek nodig om oor ons pyn te praat. Ons het nodig om te leer om na mekaar te luister.

Die land se geloofsgemeenskappe het 'n reuse-rol te speel in die skep van veilige plekke waar mense kan gesels en luister; om met die hart te luister, eerder as met die kop.

Uit ervaring weet ek pyn kan oorwin word. Wanneer pyn gedeel word, vervaag die "hulle" en "ons". Wat oorbly, is net "ons".

Die jongste verslag van die jaarlikse Versoeningsbarometer (Reconciliation Barometer) het aangedui die meeste Suid-Afrikaners van alle rasse het groter vertroue in godsdienstige instellings as in politieke instellings.

Die vraag is of diegene van ons wat by godsdienstige instellings betrokke is na vore kan kom en die morele en geestelike leierskap kan bied waarna ons mense so 'n diep begeerte het.

Ons het ook nodig om 'n morele gemeenskap te bou.

Ek glo die geskiedenis sal sagkens werk met Pallo Jordan – nie net danksy sy enorme politieke bydrae nie, maar veral omdat hy bedank en verskoning gevra het nadat dit aan die lig gekom het dat hy oor sy akademiese kwalifikasies gejok het.

Deur te bedank en verskoning te vra het hy 'n bydrae tot die herskep van 'n morele orde gelewer. Ongelukkig is dit 'n uitsondering onder politici.

In die 24 jaar sedert ek 'n briefbom ontvang het, het ek myself dikwels afgevra waarom ek oorleef het. Ander wat gesterf het, het ook verdien om te bly lewe.

Ek dink dit was belangrik dat sommige van ons oorleef het om as herinnering te dien van wat ons aan mekaar gedoen het.

Maar selfs belangriker: Ek hoop dat ek op my eie beskeie manier kan dien as simbool dat die magte van sagmoedigheid, medelye en minsaamheid – inderdaad van die lewe en van God – sterker as boosheid en haat is.

Suid-Afrika se reis na heling sal oor verskeie generasies heen strek. Met God se hulp en ons samewerking kan ons saam daardie reis pak om uiteindelik 'n nasie van gewonde genesers te word – sagmoediger, goedhartiger en regverdiger.

• *Hierdie is 'n verkorte weergawe van vader Lapsley se toespraak by 'n intergeloofsbyeenkoms in die Regina Mundi-kerk in Soweto, waar Suid-Afrika se 20 jaar van vryheid gevier is.*

http://www.beeld.com/stemme/2014-09-02-om-pyn-te-oorwin

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877